ONS WAARDES EN BEGINSELS

'n ope geleentheid- samelewing vir almal.

DA

Die DA ondersteun ’n visie van ’n ope geleentheid-*samelewing vir almal’*.

Om dit te bereik, moet lede van die DA die onderliggende waardes en beginsels daarvan verstaan en bevorder.

Vryheid

- Vryheid is die vermoë van individue om onafhanklik te praat, te kies, op te tree, te dink en te assosieer, sonder dat daar dwang op hulle uitgeoefen word.
- Dit is die gesamentlike uitoefening van hierdie vryhede wat menslike vooruitgang dryf, en wat individue in staat stel om ’n lewe te lei waar hulle hulle eie besluite kan maak.
- Vryheid van spraak is die eerste van hierdie waardes, want daarsonder kan nie een van die ander vryhede verdedig word nie.
- Dit is belangrik om te weet dat vryheid ’n reg, en nie ’n voorreg nie, is wat die regering jou gee.
- Die DA sal ’n kampvegter wees vir vryheid en sal oorheersing deur die staat beveg.

Geleenthede

- Geleenthede is dít wat aan vryheid praktiese betekenis gee.
- Geleenthede beteken dat elke individu keuses gegee word, asook die redelike vermoë om daardie keuses uit te oefen, om sodoende die lewe te skep wat hulle kies.
- Geleenthede, of keuses, moenie na willekeur beperk word nie. In ’n gemeenskap wat gebaseer is op die waarde van geleenthede, fokus regerings daarop om die keuses wat tot almal se beskikking is te beskerm en uit te brei.
- Individue het ook ’n verantwoordelikheid om ’n geleentheid raak te sien en dit dan te gebruik.
- Die DA sal gelyke geleenthede vir almal bevorder.

Regverdigheid

- Regverdigheid vereis van ons om onpartydig te wees en na al die kante van ’n saak te luister.
- Dit is ’n regstellende beginsel wat ons in staat stel om gelei te word deur iets anders as ons eie belange, en om onsself voor te stel wat ons posisie sal wees as ons aan die ander kant, of ’n verskillende kant, is.
- Polities impliseer dit ook voorwaardelike toestemming. Dit beteken dat dié wat ’n verkiesing wen, nie hulle tydelike mag sal gebruik om die reëls te verander en sodoende te keer dat die verloorders ’n amp aanvaar of dat hulle in die toekoms enige invloed kan uitoefen nie.
- Die DA sal regverdigheid ondersteun en bepleit.

Diversiteit

- Die waarde van diversiteit, met ander woorde dat mense verskillend is, het die potensiaal om kennis, debat en gesonde kompetisie uit te brei. Die waarde van die geheel van ons diverse ervarings is groter as die som van die dele daarvan.
- As dit nie was vir die verskil ten opsigte van die ervarings, gedagtes, talente en kennis wat mense bring nie, sou ons begrip van die wêreld beperk, sonder meegevoel en sonder empatie gewees het.
- Elkeen is uniek en word nie gesien in die lig van ras of geslag nie; diversiteit is dus nie demografiese verteenwoordiging nie.
- Wanneer individue die vryheid het om hulle eie besluite te maak, sal hulle nie in enige en elke organisasie, sektor, maatskappy of bestuursvlak volgens ’n voorafbepaalde proporsie verteenwoordig word nie.
- Die DA is dus gekant teen kwotas, of dit nou volgens ras, geslag of iets anders is.
- Wanneer diversiteit erken word, dien dit as ’n potensiële skans teen diskriminasie, eenvormigheid van denke en geslote denke.
- Die DA sal ’n kampvegter wees vir die waarde van diversiteit.

Openheid

Twee fundamentele pilare is onderliggend aan ’n oop gemeenskap:

1. **Deursigtigheid**
   - Deursigtigheid bestaan wanneer die uitvoer van mag en gesag oopgestel word vir bevraagtekening en ondersoek.

2. **Vryheid van inligting**
   - Vryheid van inligting, d.w.s. die reg van die publiek om toegang te hê tot inligting wat in besit van die regering is, is noodsaaklik om te verseker dat burgers hulle verkose verteenwoordigers verantwoordelik kan hou vir hulle optrede namens hulle.
   - Inligting is ’n uiters belangrike hulpbron, want dit stel dié wat toegang daartoe het in staat om mag uit te oefen oor die wat dit nie het nie.
   - In ’n geslote gemeenskap regeer leiers ongestraf. Die onvoldoende bekendmaking van kritieke inligting keer dat burgers ingeligte keuses kan maak en dit kweek ’n omgewing waar wanbestuur en korrupsie kan floreer.
   - Die DA sal ’n kampvegter wees vir openheid ten opsigte van sy besluite en gedrag, en sal deursigtigheid op ’n verantwoordelike manier uitvoer.

Sosiale mark-ekonomie

- ’n Sosiale mark-ekonomie verwys na ’n ekonomie waarin deelnemers (firmas en verbruikers), eerder as die regering, besluit wat om te koop, waar om te belê en hoeveel om te produseer.
- Eienaarskap van risiko deur deelnemers in ’n mark-ekonomie beteken dat deelnemers die reg en die plig het om die beloning en verantwoordelikhede van sukses of mislukking te dra.
- ’n Sosiale mark-ekonomie beteken nie dat daar nooit ingryping deur die regering sal wees nie. Wanneer deelnemers wat die mark oorheers heeltemal aan hulleself oorgelaat word, kan hulle dinge doen om kleiner deelnemers en kompetisie te onderdruk. Aan die ander kant kan deelnemers saamsweer en pryse onder mekaar vasstel, tot nadeel van die verbruiker.
- Regerings het ’n belangrike rol om toegang tot markte te verbeter deur oop en mededingende markte te ondersteun; want openheid en mededinging gebeur nie sommer net vanself nie.
- Daar is sekere funksies en dienste wat regerings potensieel beter kan verrig as wat die markte kan, of om markte aan te vul. Dit is veral die geval in kontekste waar markte nie winsgewend kan funksioneer nie, maar waarvoor daar sterk openbare belang is.
- Regerings in so ’n ekonomie het ’n rol om gelyke geleenthede te verbeter en om sterk veiligheidsnette en springmatte vir die kwesbaarstes te voorsien.
- Markte funksioneer net optimaal in ’n konteks waar ’n bekwame en korrupsievrye staat basiese dienste voorsien en onafhanklike instellings ondersteun wat regsorde en ’n kultuur van verantwoordbaarheid voorstaan.
- Die DA sal veg en pleit vir ’n sosiale mark-ekonomie, asook die beginsels waarop dit gegrond is: mededinging, innovering en inisiatief.

Konstitusionalisme en regsorde

- Konstitusionalisme is gehoorsaamheid aan die magte, regte, perke en verantwoordelikhede opgelê deur die Grondwet; asook aan grondwetlike beginsels, soos die regsorde, federalisme, skeiding van magte en die skeiding van party en staat.
- As Suid-Afrika vooruitgang wil maak en ekonomies wil groei, is dit noodsaaklik om ’n gemeenskap te skep wat op die Grondwet gebaseer is, want ’n gedeelde sosiale kontrak voorsien die stabiele en soliede grondslag wat nodig is sodat ander aspekte kan floreer.
- Die Grondwet verseker dat onsekerheid in ’n demokrasie grense het. Dit beteken dat gehoorsaamheid aan ’n grondwet verseker dat daar, selfs wanneer verkiesingsuitkomste en verskuiwings in party/kandidaat-ondersteuning onseker is, nog steeds basiese sekerheid bestaan in die basiese reëls van betrokkenheid, en dit vorm dan ’n konsekwente sosiale kontrak van een verkiesing tot die volgende.
- Ná eeue van konfrontasie tussen verskillende groepe mense, wat mekaar dikwels nie erken as gelyke burgers nie, het die Suid-Afrikaanse Grondwet ’n nuwe visie ingelui. Dit sit nie net die perke van die regering se mag uiteen nie, maar gee ook vir die regering duidelike verantwoordelikheide ten opsigte van alle mense, en erken dat almal gelyk is voor die reg.
- Die DA sal ’n liberale demokrasie bepleit en verdedig.

Skeiding van party en staat

- Politieke partye verteenwoordig uiteraard ’n deel van die bevolking en word deur ’n proporsie van kiesers in die regering ingestem. Daarom is politieke partye hoofsaaklik verantwoordbaar aan hulle lede en ondersteuners.
- In teenstelling daarmee is die staat en sy verteenwoordigers verantwoordbaar aan almal en moet hulle die belange van die hele gemeenskap op die hart dra.
- Skeiding van party en staat vereis dat openbare verteenwoordigers hulle belange uitbrei en vir alle lede van die gemeenskap sorg. Daarbenewens moet hulle ook sorg dat die hulpmiddele en gesag van die staat gebruik word om die volk te dien, en nie die party nie.
- Die DA sal nooit toelaat dat sy politieke doelwitte sy openbare plig aan alle Suid-Afrikaners sal belemmer of daarmee sal inmeng nie.

Skeiding van magte

- Die regering bestaan uit drie afsonderlike bene (wetgewend, uitvoerend en regsprekend).
- Die misbruik en konsentrasie van mag kan slegs beperk word waar die bene institusioneel geskei van mekaar gehou word.
- Weens die aard en kompleksiteit van die regering is die verskillende bene in werklikheid dikwels in noue samewerking met mekaar, maar hulle behoort dit altyd so te doen dat hulle nie die integriteit en onafhanklikheid van enige van die bene in gevaar stel nie.
- Die DA sal die onafhanklikheid en integriteit van die onderskeie bene van die staat verdedig.

Federalisme

- Federalisme is die dewolusie van mag tussen verskillende regeringsfere (d.w.s. nasionaal, provinsiaal en plaaslik) tot die laagste effektiewe vlak.
- Federalisme is ’n pertinente regeringsbeginsel, omdat dit verseker dat besluite nader aan die plaaslike mense, gemeenskappe en die besighede wat hulle raak, geneem word.
- Hierdie waarde vereis dat die regering homself nader aan die mense moet bring.
- Dewolusie van gesag en befondsing is belangrik omdat daar geen doeltreffende gesag kan wees as dit nie vergesel word van die hulpmiddele om dit uit te voer nie.
- Die DA sal die federale karakter van ons grondwetlike demokrasie bevorder.

Nierassigheid

- Nierassigheid is die verwerping van ras as ’n manier om mense te kategoriseer en te behandel, veral in wetgewing.
- Die aanname dat ’n mens se “ras” mense verteenwoordig wat dieselfde dink, voel en ervaar met betrekking tot gedeelde gebeure, gebaseer op hulle fisiese voorkoms, is vals.
- Maar al is daar wetenskaplike konsensus dat “ras” op sigself nie bestaan nie, bestaan rassehaat en rassisme wel en het dit ’n diep en skadelike impak op die lewens van individue en die gemeenskap. Dit is aanstootlik en verfoeilik.
- Groot skade is aangerig en word steeds aangerig as gevolg van valse opvattings oor rasseverskille.
- Sosiale groepe wat gebaseer is op kulturele, godsdienstige, politieke en linguistiese faktore bestaan wel. Maar mense wat op grond hiervan met mekaar identifiseer, moenie in eng rasseboksies ingedruk word wat uit ons gesegregeerde verlede oorgeërf is nie.
- Nierassigheid is dus ’n verbintenis, nie net om rassehaat en rassisme te verwerp nie, maar om te veg vir die dekonstruksie van ras en die rekonstruksie van ’n toekoms van nierassigheid.
- Die DA staan ondubbelsinnig vir nierassigheid en nie veelrassigheid nie.

Regstelling

- Regstelling verwys na die behoefte daaraan om ’n onregverdige of onbillike situasie reg te stel.
- Ons verlede is besaai met ontelbare onregte wat voortgespruit het uit konflikte in die verlede en die apartheidsbeleid van rasse-segregasie. Dit sluit in: gedwonge verwydering, werkreservering, aanhouding sonder ’n verhoor, ongelykhede in die onderwys, en konsentrasiekampe. Die gevolge van hierdie onregte is steeds daar, en word vererger deur swak regering, wat gesien kan word aan die hoë armoedesyfers, werkloosheid en algemene ongelyke geleenthede.
- Regstelling moet ’n sterk verbintenis hê tot rekonsiliasie met die plig om seker te maak dat ongelyke geleenthede, wat die kenmerk van ons verlede was, nie ’n kenmerk van die hede of die toekoms is nie.
- Beleide wat ongelyke geleenthede onder hande neem – wat ingryping insluit in die onderwys, gesondheidsorg, die ekonomie en veiligheid en sekuriteit – sal altyd sentrale pilare van ons program van aksie wees.
- Hierdie verbintenis tot gelyke geleenthede is so sterk dat dit weerspieël word in ons visie van ’n ’ope geleentheid-samelewing vir almal’.
- Die DA sal daarna streef om ons verlede te bowe te kom en ’n regverdige en billike toekoms te skep.

Eienskappe

Om ons waardes en beginsels te kan naleef, moet elke lid en openbare verteenwoordiger van die DA hierdie eienskappe naleef:

Verantwoordbaarheid

- Die sosiale kontrak is gebou op vertroue. Verantwoordbaarheid beklemtoon in wese daardie twee-rigting-verhouding: dié wat regeer, of aan wie 'n taak toevertrou is, het 'n verantwoordelikheid om die pligte en doelwitte wat hulle onderneem het, na te kom; en dié oor wie daar regeer word, of wat die taak gedelegeer het, het 'n verantwoordelikheid om te beloon of te sanksioneer op grond van hoe daardie pligte nagekom is.
- Wanneer daardie verantwoordbaarheid ineenstort – 'n ineenstorting van die verhouding tussen prestasie en beloning/sanksie – begin standaarde gewoonlik verlaag namate leiers en amptenare daaraan gewoond raak dat hulle ongestraf met hulle bedrywighede kan voortgaan.
- Die DA sal daarna streef om te verseker dat die kontrak tussen burgers en hulle verteenwoordigers versterk word deur verantwoordbaarheid, binne die party sowel as binne die gemeenskap in sy geheel.

Bewysgebaseerde besluitneming

- Idees en posisies moet ondersoek kan deurstaan en oop wees vir verandering met die feite voor oë.
- Beginsels en bewyse gaan hand aan hand wanneer dit by besluitneming kom.
- Beginsels sonder bewyse lei tot dogmatisme, en bewyse sonder beginsels lei tot die ergste soort pragmatisme, waar die doel gebruik word om enige middele te heilig.
- Die DA sal die waarde van bewyse respekteer by besluitneming en beleidsvorming.

Uitnemendheid

- Uitnemendheid gaan allereers oor aksie – dit is die voortdurende strewe daarna om beter te wees en beter te vaar selfs wanneer jy die beste is.
- Die strewe om nie net middelmatigheid nie, maar ook dit wat gemiddeld en 'goed genoeg' is, te verwerp ten gunste van dit wat buitengewoon is, is wat die onderskeid tref tussen uitnemendheid en blote bevoegdheid.
- Innovering is 'n belangrike resultaat van die strewe na uitnemendheid, aangesien die strewe om bekwamer en doeltreffender te wees uiting gee aan nuwe maniere van dink en doen.
- 'n Verbintenis tot uitnemendheid maak dit nodig dat kundigheid waardeer word, sowel as diegene met 'n rekord dat hulle puik uitkomste lewer.
- Die DA sal uitnemendheid nastreef in sy praktyk en aanstellings.

Veerkragtigheid

- Veerkragtigheid is die vermoë om te herstel ná ’n terugslag of mislukking.
- Sonder persoonlike en institusionele veerkragtigheid, kan tydelike terugslae permanent raak, en dan word die kanse op sukses kleiner.
- Veerkragtigheid is ongetwyfeld nodig, want daar gaan beslis hindernisse wees op die pad na sukses.
- ’n Verbintenis tot veerkragtigheid is in werklikheid ’n verbintenis vir die langtermyn.
- Die DA sal ’n kultuur van veerkragtigheid kweek onder almal wat werk om ons waardes te bevorder.

Deernis

- Om mense op die beste manier moontlik te kan verteenwoordig, moet jy sensitief wees vir hulle omstandighede en ervaring.
- Suid-Afrika se geskiedenis het vir al sy burgers psigologiese sowel as fisiese trauma veroorsaak. Begrip met deernis is nodig.
- Deernis kan nie afgedwing word nie; dit moet eg wees.
- Die DA sal deernis omarm en sal verteenwoordigers uitsoek wat hierdie waarde persoonlik uitleef.

Integriteit

- Met integriteit verwys ons na die integriteit van ’n persoon se woorde en dade.
- Die DA sal die waardes wat ons in hierdie dokument verklaar daadwerklik uitleef en sal van mekaar rekenskap eis.